# REISVERSLAG

**'N BLITS BESOEK AAN AUGRABIES NP**
**OM DIE VALLE IN VLOED TE SIEN**
**EN**
**WITSAND NATUUR RESERVAAT**
**(Februarie 2010)**






**PERIODE :** 10 Februarie tot 13 Februarie 2010

**PLEKKE BESOEK :**
Augrabies Nationale Park en Witsand Natuur Reservaat

**OPGESTEL DEUR:** J.E. Aspinall
(19-03-2014)

*Kopiereg op die inhoud en fotos word voorbehou.*


**1. INLEIDING**

Elke keer as ons Augrabies Nasionale Park op een van ons reise besoek en ek by die waterval staan het ek gewonder hoe lyk en klink die valle as die Oranjerivier in vloed is. Op 9 Februarie 2010 kom ek die aand so net na sewe by die huis, na 'n lang dag by die werk en net toe ek die familiekamer instap om Hermien te groet, sê sy vir my kyk die Augrabiesvalle is in vloed. En daar op die TV-nuus is daar hierdie ongelooflike skouspel te sien. My eerste woorde aan Hermien was ry jy more oggend saam Augrabies toe of bly jy. Sy het my netso een kyk gegee en toe gevra is jy nou regtig ernstig, want sy is nie gewoond daaraan dat ek enige reis aanpak sonder goeie vooraf beplanning nie.

'n Vinnige oproep na Bennie, een van my bestuurders by die kantoor en 'n vinnige besoek aan SANPARKE se webblad, en alles was gereël. Teen tienuur die aand was ons goed toegerusde 2008 Toyota Hilux Raider 3.0 D-4D dubbelkajuit 4x4 diesel bakkie gelaai en reg vir die volgende oggend se langpad wes. SOMS in jou lewe MOET 'N MENS NET OP DIE INGEWING VAN DIE OOMBLIK 'n DING OF TWEE DOEN, om die lewe weer so bietjie opwinding te gee en jou uit die daaglikse lewe se groef te pluk en net om ook te sê ek leef darem nog en slaaf nie net nie.

Die volgende oggend net voor ses ry ons van die huis af weg en so net na vier die middag ry ons Augrabies Nasionale Park binne, om 'n absolute ongelooflike skouspel te beleef.

**2. ONS ROETE :**




**3. HOOGTEPUNTE :**

(a.) Die ongelooflike skouspel van Augrabies wat invloed is, die geraas van die water wat by die valle afkom.

(b.) Die rustige kuier by Witsand .

4. **LAAGTEPUNTE :**

(a.) Vanweë die watervlak was die pad na die res van Augrabies NP gesluit. Ons sou graag die water deur Oranjekom en vanaf Ararat uikykpunt ook wou sien, maar daar is niks wat enige iemand daaraan kon doen nie.




Ons eerste stop was by die Pienk Padstal in Kakemas vir 'n bietjie koffie en bene rek. Nogal 'n interessante plek




DIE PIENK PADSTAL
KOM KYK OOK WAT BIED DIE PIENK PADSTAL
I never worry about diets
The only carrots that interest
me are the number you get in
a diamond.






Bene rek en die gebruik van die “ lemontree” bring ‘n glimlag op jou gesig al is jy ook hoe stoer.





Stellasies waarop trossies sultanas gedroog word.





Die meeste sultanas word op sementvloere gedroog in die son, wat die jaar maar skaars was.



Tot die dadelbome het met hul voete in de water gestaan.




Die hek by Augrabies en ‘n foto van die valle geneem in Augustus 2007 net om jou te herinner hoe die valle normaalweg daaruit sien.





Die valle op 10 Februarie 2010. Wat ‘n ongelooflike skouspel. Jy kan die massa water wat oor die valle stort reeds van vêr af hoor en daar hang’n mis oor die valle wat ook van vêr af gesien kon word.





Augustus 2008

Februarie 2010





Augustus 2008

Februarie 2010





Augustus 2008

Februarie 2010





Augustus 2008

Februarie 2010





Augustus 2008

Februarie 2010





Augustus 2007

Februarie 2010





Augustus 2007

Februarie 2010





Augustus 2008

Februarie 2010





Wat ‘n magtige skouspel.  Dit voel intimiderend om so half binne die geweld van die water te staan.





Hartseer om te dink al hierdie water gaan nou see toe met ‘n hele paar ton bogrond  natuurlik ook.









En vroeg die volgende oggend hierdie pragtige reënboë om jou aan Sy belofte te herinner.









Augrabies se platkop akkidisse. Die veelkleurige mannetjie bo en ‘n paar vaal wyfies onder.





Die Oranjerivier net voor die valle vloei vinnig en breed en byna sonder enige geluide.





Die kleure van die sultanas tydens die droog maak proses.


Tussen Kakemas en Keimoes, pragtige landskappe.








Witsand Natuur Reservaat geleë tussen Groblershoop en Olifantsfontein, se ingang.
www.witsandkalahari.co.za






‘n Vinnige middagslapie as die Kindle te swaar raak om vas te hou.

Springbokkies by die kampterrein.





Hillbrow by Witsand – reuse versamelvoëlneste

Daar is ook ‘n voorstad variasie. Baie enkel neste in een boom bymekaar. Geen sprake van netheid nie






Baie eienaardig die paar wit duine tussen al die rooi duine hier in die Kalahari.

Jy kan verstaan, as jy vanaf die duine oor die landskap uitkyk, waarom hul die dele die “Groen Kalahari” noem.





Ons Hilux onder in die parkeerterrein afgeneem van die bo  die sandduin wat jy moet uitklim om tussen die wit duine te kan kom.






Te midde van Witsand se wit duine, wat natuurlik in die somer as die sand warm is brul as jy daarop loop.

Hierdie stomp tussen die duine het my baie laat terug dink aan Sossusvlei se Dooievlei met sy dooie bome





Ons eekhoring vriende by die kamp.





Suidelike Rotskoggelmander



Rooiborsduifie



Versamelvoël

Rooivinkwyfie





Lelspreeus mannetjie (bo) en wyfie (onder)





Namakwaduifie

Dikbeklewerik





Ongelooflike bommeprag en die keer is dit nie dubbeljies nie. Ja, dit is nie net Namakwaland wat ‘n blomme skouspel het nie die “Groen Kalahari” ken dit ook.

